# HOOFSTUK 3

## DIE METODE VAN ONDERSOEK

### 3.1 INLEIDING

Die literatuuroorsig in die vorige hoofstuk het die probleme met en beïnvloedende faktore ten opsigte van vakkeuse by sekondêre leerlinge aan die lig gebring. Daar is ook gewys op die aandeel wat die skool van sy kant het of moet hê, veral betreffende voorligting, om hierdie probleme op die bes moontlike manier te beredder.

In hierdie hoofstuk word die metode van ondersoek beskryf wat gevolg gaan word in die soeke na die faktore wat 'n invloed uitgeoefen het op die keuse van vakke van standerd agt leerlinge aan 'n bepaalde skool. Die aandag word gevestig op die betrokke skool, sy kurrikulum, leerlinge en onderwysers wat by die ondersoek betrokke is. Voorts vind 'n volledige bespreking plaas van die questionnaire as hoofmetode wat in hierdie ondersoek gebruik sal word. Ten slotte word volledig uiteengesit hoe die vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik word, saamgestel en toegepas is.

### 3.2 KEUSE VAN SKOOL, PROEFPERSONE EN VAKKE

#### 3.2.1 DIE SKOOL

Die skool waar die ondersoek uitgevoer word, is 'n Afrikaanse sekondêre skool aan die Rand. Hierdie skool word besoek deur ongeveer 920 leerlinge uit al die lae van die bevolking. Dit is 'n gemengde skool, met ander woorde daar word onderrig aan beide seuns en dogters verskaf, vanaf standerd ses tot en met standerd tien.

#### 3.2.2 DIE LEERLINGE (PROEFPERSONE)

Dit gaan hier primêr oor leerlinge wat aan die einde van standerd agt 'n vakkeuse moet doen. Die ouderdom waarop

die vakkeuse gemaak word, is ongeveer 15 - 16 jaar. Die leerlinge wat hier ter sprake is, verkeer in die vroeë of middel adolessensie. Hulle is nie kinders nie en hulle is ook nie volwassenes nie, daarom dat daar dikwels soveel wrywing tussen dié leerlinge en hulle onderwysers en ouers voorkom.[1]

Alhoewel die leerlinge die keuse van vakke aan die einde van standerd agt maak, word die keuse eers aan die begin van standerd nege gefinaliseer. Die leerlinge wat as proefpersone dien het dus die questionnaire aan die begin van hulle standerd nege-jaar voltooi. Al die seuns en dogters wat die Universiteitstoelatingskursus en die Eind-eksamen van die Middelbare skoolkursus volg, is by die onder-soek betrek, nl. 64 seuns en 50 dogters, dus 'n totaal van 114. Geen steekproef is derhalwe gemaak nie.

### 3.2.3 DIE ONDERWYSERS BETROKKE BY DIE KEUSEVAKKE

Alle onderwysers met wie die leerlinge op die sekondêre skool in aanraking kom, kan 'n invloed op hulle vakkeuse uitoefen. Dikwels word hierdie invloed regstreeks uitgeoefen deur onderhoud of gesprek, maar ook dikwels onreg-streeks deur terloopse verwysing of deur openbaring van bepaalde gesindhede deur die onderwyser.[2] Die onderwysers wat moontlik die grootste invloed by die doen van 'n vakkeuse sal uitoefen, is die vakonderwyser, die hoof, die register-onderwyser en die voorligteronderwyser. Laasgenoemde het die geleentheid om 'n besondere aandeel aan die vakkeuse van leerlinge te hê, deurdat dit sy besondere taak is om leiding te gee en die leerlinge te oriënteer.

---

1. Alberts, L. Die skolier in die moderne tegnologiese era. Spectrum, 9(3), Okt. 1971, p.215; kyk ook paragraaf 2.3.
2. Vergelyk paragraaf 2.3.1.1

## 3.3 DIE QUESTIONNAIRE

### 3.3.1 DOEL, WAARDE EN BEPERKINGS VAN DIE QUESTIONNAIRE

#### 3.3.1.1 DIE DOEL

„A questionnaire is not just a list of questions or a form to be filled out. It is essentially a scientific instrument for measurement and for collection of particular kinds of data."[1] Die funksie van navorsing is primêr om mee te help om oplossings te vind vir betekenisvolle probleme. Hiervoor moet data versamel en ontleed word. Die questionnaire het 'n werk om te doen: sy funksie is om data te versamel.

#### 3.3.1.2 VOORDELE

Die vraelys het unieke voordele wanneer dit deeglik saamgestel is en goed geadministreer word. Dit leen hom veral uitstekend tot die insameling van data in verband met sake van uiteenlopende aard, waarin 'n mens op geen ander wyse inligting sou kan bekom het nie. Dit is veral nuttig waar al die persone van wie die ondersoeker graag inligting wil hê, nie persoonlik gespreek kan word nie of waar dit nie nodig of ekonomies is om persoonlike onderhoude te voer nie.[2]

„The most obvious advantage of the questionnaire is in its economy."[3] Die omvang van hierdie ekonomie strek in verskillende rigtings. In die eerste plek is dit heelwat goedkoper om die vraelys tesame met 'n begeleidende brief te stuur, as om vraestellers op te lei en hulle onkostes en salarisse te betaal. Dit verseker ook 'n geweldige besparing van tyd, veral as daar min vrae is wat beantwoord moet word, want dit kan gelyktydig deur groot groepe beant-

---

1. Oppenheim, A.N. Questionnaire design and attitude measurement, p. 2.
2. Mouly, G.J. The science of educational research, pp. 239 - 242; Best, J.W. Research in education, pp. 151-152; Good, C.V. Introduction to educational research, pp. 270-271.
3. Garden, R.L. Interviewing. Strategy, techniques and tactics, p.54.

woord word[1].

Onder sekere omstandighede kan die respondente ook anoniem bly. Dit is veral belangrik waar vrae handel oor persoonlike aangeleenthede en die respondent nie in die verleentheid gestel moet word nie. Indien die respondent in sulke gevalle nie anoniem bly nie kan hy maklik antwoorde verskaf wat onbetroubaar is, en so die ondersoek benadeel of selfs waardeloos maak[2].

Die grootste voordeel van die questionnaire lê waarskynlik daarin dat verskillende groepe proefpersone maklik vergelyk kan word, deurdat dieselfde vrae en meervoudige keuse antwoorde aangewend word.

3.3.1.3 NADELE

Daar word òòk na die vraelys verwys as die lui navorser se metode om data te versamel. Kritici wat hierdie standpunt huldig, is egter geneig om die deeglike voorbereiding en administrasie van die questionnaire en die responsies daarop, oor die hoof te sien[3]. Feit is egter dat die swak voorbereide- en aangewende vraelys ongetwyfeld antipatie verwek en van weinig waarde is as navorsingstegniek. Ook die begeleidende brief kan die waarde van die tegniek verminder, veral as gepleit word dat die afsender daarvan die gegewens nodig het om 'n verhandeling te skryf, eerder as om die kennisontginningswaarde in die algemeen te beklemtoon[4].

Die gebruik van die questionnaire is aan heelwat kritiek blootgestel, veral as dit in studies wat oor subjektiewe opinies en standpunte handel, gebruik word, want „The further one moves from the questions of fact towards

---

1. Ibid., pp. 54-55.; Topp, R.F. & McGrath, G.D. About the questionnaires ..... answer it. The School Executive, Okt. 1950, pp. 59-60.
2. Garden, R.L. Op. cit., p.54.; Brog. W.R. Educational research, an introduction, pp. 220-221.; Oppenheim, A.N. Op. cit., pp.36-37.
3. Good, C.V. Op. cit., p.270.
4. Eloff, J.J. 'n Ontleding van die emosionele probleme van die onderwyser in die klaskamer, p.151.

questions of subjective conditions, the greater is the likelihood of error."[1] Die probleem kan in 'n mate opgelos word deur van geslote vrae gebruik te maak.[2]

Die waarde van die vraelys word verder ingeperk as die voltooiing daarvan te veel tyd in beslag neem, as die onderwerp onbelangrik is, die items vaag bewoord is en as die vorm en rangskikking van vrae onsistematies is. Genoemde gebreke van die vraelys dra dikwels daartoe by dat min van die uitgestuurde vraelyste terugkom.[3] Marshall gaan veel verder as hy nie net teen die misbruik van die vraelys nie, maar ook teen die algehele gebruik daarvan te velde trek.[4] Hy het dit nl. veral teen die vooroordeel van die vraesteller wat uit meeste vraelyste spreek.

Ten spyte van al hierdie nadele, het goed vorsorgde vraelyste, wat met oorleg opgestel is, al baie probleme help oplos.[5]

### 3.3.2 GELDIGHEID EN BETROUBAARHEID VAN DIE QUESTIONNAIRE

„Reliability refers to consistency, to obtaining the same results again. Validity tells us whether the question or item really measures what it is supposed to measure."[6] 'n Horlosie moet aanhoudend die regte tyd aandui. As dit die verkeerde tyd aandui, word dit beskou as ongeldig, terwyl dit onbetroubaar is as dit soms òf vinnig òf stadig loop. 'n Meeteenheid kan baie betroubaar wees, maar tog ongeldig, soos die horlosie wat konstant tien minute per dag wen.[7]

---

1. Monroe, P.A.A cyclopedia of education, p.99.
2. Young, Pauline V. Scientific social surveys and research, p.198.
3. Eloff, J.J. Op. cit., p.151.
4. Marshall, M.S. The questionnaire complex. <u>The Educational Forum</u>, 29:2, Jan. 1960, p.173-179.
5. Van Dalen, D.B. Questionnaires that answer your questions. <u>The School Executive</u>, 78:3, Nov. 1958, p.72.
6. Oppenheim, A.N. Op. cit., pp.69-70.
7. Ibid. ; Good, C.V. Op. cit., p.282.

Die betroubaarheid van die questionnaire kan getoets word deur presies dieselfde vraag of dieselfde vraag met 'n ander bewoording te herhaal en te kyk of die resultate ooreenstem. So byvoorbeeld, kan die betroubaarheid van die vraag „Hoeveel keer was jy die afgelope twee weke in die bioskoop?" gekontroleer word deur dit later op te volg met die vraag „Dui by elkeen van die volgende aan hoeveel keer u dit die afgelope twee weke besoek het: museum, kunsgalery, bioskoop, dieretuin."[1]

Die betroubaarheid kan ook met vrae soos die volgende getoets word: „Het jy in die Tweede Wêreldoorlog geveg?" Die antwoord is bevestigend. Verder aan verskyn dan 'n kontrolevraag wat die respondent se ouderdom kontroleer. Hy moes toe 'n sekere ouderdom gehad het om te kon veg. Hieruit kan dus afgelei word of hy wel soldaat kon gewees het, al dan nie. As die respondent egter wil kul sal dit uiters moeilik wees om dit geheel en al uit te skakel.[2]

Om die geldigheid en betroubaarheid van vrae oor iemand se houding teenoor iets, sy denkwyse of die standpunt wat hy inneem te verseker, is moeiliker omdat reaksies op hierdie tipe vrae meer subjektief is. Hier moet nie staat gemaak word op enkele vrae nie, maar op stelle vrae.[3]

Die onvermoë om vrae te stel is nie die enigste oorsaak van ongeldigheid nie. Ook die helderheid van instruksies ten opsigte van beantwoording is belangrik. Voorts moet die toets, waar moontlik, deur 'n bekwame persoon afgeneem word sodat hy persoonlik kan verduidelik wat verwag word en toesig kan hou, want baie foute sluip in as gevolg van ongerymdhede gedurende die voltooiing van die vraelys.[4]

Die beste manier om betroubaarheid en geldigheid

---

1. Oppenheim, A.N. Op. cit., p.71 ; Mouly, G.J. Op. cit., p. 254.
2. Oppenheim, A.N. Op. cit., p.71 ; Mouly, G.J. Op. cit., p. 254.
3. Oppenheim, A.N. Op. cit., p.73.
4. Ibid., p.78 ; Van Dalen, D.B. Op. cit., p.255.

te verseker is egter om die respondente te inspireer om gewillig en entoesiasties te wees om die vrae te beantwoord[1].

### 3.3.3 TIPES QUESTIONNAIRES

#### 3.3.3.1 INTRO- EN EKSTROSPEKTIEWE QUESTIONNAIRES

In die geval van die introspektiewe vraelyste word die vrae wat beantwoord moet word, aan die respondente self voorgelê en gaan die vrae gewoonlik oor sake wat die respondente self raak. Die antwoorde wat verskaf word, is dus die opinie van die respondente aangaande sekere aangeleenthede. Indien dit 'n geslote questionnaire is, is die antwoorde nie soseer die opinie van die respondent self nie, maar gee hy tog 'n opinie, gebaseer op sy eie sienswyse, van die antwoorde waaruit hy een moet kies.[2]

In die geval van die ekstrospektiewe vraelys word die vrae deur iemand anders beantwoord. So byvoorbeeld word vrae wat handel oor die gedrag van kinders, nie aan die kind self gestel nie, maar aan onderwysers wat dan hulle mening aangaande die onderwerp gee.[3]

#### 3.3.3.2 MONDELINGE EN SKRIFTELIKE QUESTIONNAIRES

Vrae kan mondeling of skriftelik gestel word. Die voordeel van die mondelinge questionnaire, is dat die vraesteller self teenwoordig is en dus 'n beter oordeel oor responsies verkry. In baie gevalle is die mondelinge questionnaire betroubaarder as die skriftelike.[4] Die vraesteller kan terselfdertyd sien of sy vrae verstaan word en indien nie, kan hy die vrae herformuleer totdat dit wel verstaanbaar is en moontlike bevredigender responsies uitlok. Die mondelinge questionnaire bring mee dat daar nie groot

---

1. Oppenheim, A.N. Op. cit., pp. 71-73.
2. Koos, L.V. The questionnaire in education, p.16.
3. Loc. cit.
4. Ibid., p.17.

getalle gelyktydig ondervra kan word nie, terwyl die voordeel van die skriftelike questionnaire daarin lê dat 'n groot groep gelyktydig die vraelys kan beantwoord.

3.3.3.3 SKALING

In hierdie tipe questionnaire is die vrae van so'n aard dat die antwoorde volgens 'n sekere gradering gegee word. Die versamelde data word met ooreenstemmende getalwaardes vervang. Die getalwaardes maak dit dan moontlik om verdere statistiese waardebepalings van die skalings te maak.[1]

3.3.4 INSAMELING VAN GEGEWENS

3.3.4.1 VOORAFBEPLANNING

Die sukses van die vraelys hang in 'n baie hoë mate af van die voorbereiding van die vrae wat deur respondente beantwoord moet word. Daar kan nie na willekeur 'n klomp vrae neergeskryf word wat dan later aan respondente gegee word om te beantwoord nie. Vrae moet doelgerig en sorgvuldig gekies word, ten einde betroubaarheid en geldigheid te bevorder.[2]

Die opstel van die vraelys verg deeglike voorafstudie: daar moet baie gelees word oor die onderwerp, gesprekke moet gevoer word met persone wat direk of indirek gemoeid is met die probleem van ondersoek. Hieruit word dieper insig verkry in die probleem en word belangrike inligting ingewin wat gebruik kan word by die keuse en bewoording van die vrae in die vraelys.[3]

Die doel van hierdie ondersoek is om vas te stel

---

1. Mouly, G.J. Op. cit., p.304.
2. Oppenheim, A.N. Op. cit., pp.25-30.
3. Ibid.; Best, J.W. Op. cit., pp.152-155.; vergelyk hoofstuk 2 hiervan.

watter faktore die leerlinge van 'n bepaalde skool aan die einde van standerd agt beïnvloed het om 'n bepaalde keuse te doen uit die vakke wat hulle in standerd nege mag neem.[1]

Om 'n voorlopige idee te kry van die faktore wat leerlinge kan beïnvloed, is voorgaande literatuurstudie onderneem. Vervolgens is aan die begin van die jaar aan dertig standerd nege-leerlinge[2] 'n ope-vraelys gegee om te voltooi.[3] Aan hulle is die versekering gegee dat hulle anomiem sal bly en dus die vrymoedigheid moet hê om enige faktore te noem wat hulle keuse beïnvloed het.[4] Voorts is die personeellede wat by die keusevakke betrokke is geraadpleeg. Gesprekke met hulle het heelwat lig op moontlike beïnvloedende faktore gewerp en het bygedra tot die formulering en keuse van vrae.

Gesprekke is ook gevoer met 'n toevallig gekose steekproef van 30 ouers van die respondente, aangesien aanvaar is dat hulle belang by die vakkeuse van hulle kinders het. Uit hierdie gesprekke het dit duidelik geword dat sommige ouers weinig belangstelling in hulle kinders se vakkeuse toon. Die reaksie van die ouers was egter 'n verdere bron van inligting, wat aanleiding gegee het tot die voorlopige formulering en keuse van vrae in die questionnaire.

### 3.3.4.2 OPSTEL, BEWOORDING EN VOLGORDE VAN VRAE

Met hierdie ondersoek moet informasie waaroor die respondente beskik, van hulle verkry word. Alles moet dus gedoen word om sover moontlik die vrae aantreklik en interessant te maak, sodat die respondente belangstel en graag verder wil lees om uit te vind wat die volgende vraag is.

---

1. Vergelyk paragraaf 1.2.3.
2. Standerd nege-leerlinge is geneem omdat die keuse wat hulle aan die einde van standerd agt gedoen het, aan die begin van standerd nege gefinaliseer is.
3. Kyk bylae 2. ; vergelyk ook paragraaf 3.4.1.
4. Vergelyk paragraaf 3.4.1.

Indien daarin geslaag word, voel die respondente dat hulle deel in die ondersoek het en besig is om by te dra tot die oplossing van die onderhawige probleem,[1] en sodoende word die betroubaarheid van die ondersoek moontlik verhoog.

Hierbenewens moet die opsteller van die vraelys die volgende in ag neem.[2]

1. Die vrae moet ondubbelsinnig en helder gestel wees, sodat die respondent dit kan verstaan en korrek interpreteer. Hy moet nie hiermee moeilikheid hê nie, want dit versteur sy gedagtegang. Voorts is dit nodig dat ... „Our questions must be adequate for this sampling process; they must not be too onesided, and they must make it easy for the respondent to respond fully. This means, first of all, that their content must be right; second, that the wording must be suitable; and third that the contex sequence and response categories (if any) must help the respondent without biasing answers."[3]

2. Ten einde die nodige helderheid te verseker en die gedagtes van die respondent by die beantwoording korrek te konsentreer moet die vrae bepaal word deur en gerig word op die doel van die ondersoek. Sodoende word voorkom dat die respondent 'n ander betekenis aan 'n vraag kan heg as die vraesteller. As die vraesteller, byvoorbeeld, wil bepaal hoeveel geld professore jaarliks uit die sak aan subskripsies op tydskrifte bestee, sal dit vaag en verwarrend wees om te vra „Hoeveel tydskrifte lees u per jaar en wat is die totale intekengeld daarop?" Dit spreek vir die respondent vanself dat hy al die tydskrifte wat hy in 'n jaar lees moet bymekaar tel -

---

1. Oppenheim, A.N. Op. cit., pp. 49-50.
2. Ibid., pp. 49-78.; Cilliers, S.P. Maatskaplike navorsing, pp. 92-94.; Mouly, G.J. Op. cit., pp. 242-251.; Travers, R.M.W. An introduction to educational research, pp.295-296.; Van Dalen, D.B. Op. cit., pp. 256-258.; Withley, S.B. Survey of research methods. (In Encyclopaedia of Education, 1960, p.1449.); Best, J.W. Op. cit., pp. 145-152; Good, C.V. Op. cit., pp.277-281.; Brog, W.R. Op. cit., pp. 206-210.
3. Oppenheim, A.N. Op. cit., p.55.

dit sluit onder andere tydskrifte in wagkamers, in biblioteke en eie aankope in. Die korrekte benadering is dus om in hierdie geval twee vrae te stel, nl. „Op hoeveel tydskrifte het u gedurende 1972 uit u eie sak ingeteken?" en „Wat is die totale bedrag wat u aan subskripsies bestee het?"

3. Vrae ten opsigte van feite moet so min as moontlik gemoeid wees met prestige en indien dit noodwendig met prestige gemoeid moet wees, moet respondente anoniem bly anders kan dit baie maklik lei tot oneerlike antwoorde. As leerlinge weet dat respondente geïdentifiseer kan word, sal die versoeking groot wees om, byvoorbeeld, voor te gee dat hulle meer lees as wat werklik die geval is.

4. Vrae wat die respondente in verleentheid kan stel, moet vermy word. Hieronder ressorteer vrae oor delikate, private en persoonlike aangeleenthede.

5. Die respondent moet nie die indruk kry dat hy 'n eksamen skryf en hierin swak kan vaar nie. Die vrae moet dus nie die indruk skep dat daar van hom verwag word om die antwoord te ken nie. Daarom is 'n vraag soos „Onthou jy die naam van die skrywer van jou vorige beblioteekboek?" 'n baie beter vraag as: „Wat was die naam van die skrywer van jou vorige beblioteekboek?"

6. Begin die vraelys met maklike vrae wat van so'n aard is dat die respondent nie voel dat hy geïntimideer word nie.

7. Die vorm, inhoud en volgorde van die vrae moet ook van so'n aard wees dat dit verband hou met die ondersoek. Daarby moet hulle op 'n vriendelike trant gestel wees, maar nie iets in die respondent se gedagte lê, wat die verwagte antwoorde suggereer nie.

8. Die vrae moet so gerangskik word dat 'n logiese volgorde vir die respondent waarneembaar is. Sy gedagtegang oor die vorige vraag moet aansluiting vind by die volgende vraag. Die eerste vrae moet breë algemene vrae wees, maar algaande kan die vrae meer spesifiek word.

### 3.3.4.3 KEUSE VAN DIE TIPE QUESTIONNAIRE

Die ondersoeker het in hoofsaak 'n keuse tussen 'n ope en geslote vraelys.

#### 3.3.4.3.1 DIE OPE VRAELYS

Hier word die vrae so gestel dat die proefpersone hulle eie antwoorde in eie woorde formuleer: „Careful pilot work is very important here, only by trying out an open question in various forms and attempting to close it afterwards, can we gain an appreciation of the loss of information involved."[1] Met die ope vrae word daar vryheid gegee aan die respondente wat die vraag oordink en sy eie oorspronklike, spontane antwoorde gee.

Die bewoording van die ope vrae is maklik, dog die beantwoording, tabellering en interpretasie daarvan is moeilik. Die verskeidenheid antwoorde kan weliswaar geklassifiseer word, maar dit skep 'n probleem van verlore informasie omdat daar nie 'n onbepaalde aantal kategorieë gemaak kan word nie. By statistiese ontleding gaan verdere informasie verlore. Om dié rede word ope vrae dikwels by voorstudies gebruik en die antwoorde dien dan as leidraad by die opstelling van 'n finale geslote vraelys.

---

1. Oppenheim, A.N. Op. cit., p.66.

### 3.3.4.3.2 DIE GESLOTE VRAELYS

Dikwels het geslote vraelyste hul oorsprong in ope vraelyste. Geslote vrae is makliker en gouer om te beantwoord, want die respondent kies 'n antwoord uit twee of meer wat aan hom verskaf word. Daar hoef dus nie geskryf te word nie.[1]

Deur van geslote vrae gebruik te maak, kan daar meer vrae, wat in 'n korter tyd beantwoord kan word, gegee word. Kwantifisering is ook by geslote vrae eenvoudiger, want die antwoorde is reeds geklassifiseer.[2] 'n Verdere voordeel van die questionnaire in die geslote vorm lê daarin dat verskeie groepe respondente maklik vergelyk kan word.[3]

Die nadeel verbonde aan die geslote vraelys is dat die respondent nie spontane antwoorde kan gee nie. Dit kan ook gebeur dat die antwoorde wat verskaf word nie altyd die respondent ten volle bevredig nie en dat hy gefrustreerd raak en hom onttrek.[4]

Deeglike voorafbeplanning deur middel van onderhoude en tentatiewe ope vrae sal meervoudige keuse antwoorde voorsien, wat in die reël 'n bevredigende veld dek. Hierbenewens kan daar altyd by die geslote vrae plek ingeruim word vir die ope vraag na verdere sienswyses of inligting wat nie deur voorafgaande vrae gedek is nie.[5]

## 3.4 DIE SAMESTELLING VAN DIE VRAELYS

Vervolgens sal aandag gegee word aan die wyse waarop die questionnaire, wat in hierdie ondersoek gebruik word,

---

1. Van Dalen, D.B. Op. cit., p.255.; Oppenheim A.N. Op. cit., p.43.
2. Oppenheim, A.N. Op. cit., p.43; Van Dalen, D.B. Op cit., p.255.
3. Mouly, G.J. Op. cit., pp.239-242.; Oppenheim, A.N. Op. cit., pp. 46-47.
4. Oppenheim, A.N. Op. cit., pp. 46-47.
5. Ibid.

saamgestel is. Soos hierbo aangedui, is 'n deeglike literatuurstudie in verband met die veld van ondersoek gedoen en is leerlinge, onderwysers en ouers oor die onderwerp van studie geraadpleeg.[1] Vervolgens is met inagneming van die leemtes en voortreflikhede van en die eise aan die vraelys gestel die volgende stappe in die samestelling gevolg: 'n Ope vraelys is opgestel en aan 'n steekproef van die proefpersone vir voltooiing voorgelê.[2] Met inagneming van hulle responsies en wenke is 'n tentatiewe geslote vraelys opgestel en aan enkele outoriteite vir kommentaar voorgelê;[3] hierop is die geslote vraelys geredigeer en aan 'n verdere steekproef proefpersone voorgelê[4] en ten slotte is die vraelys finaal geredigeer.[5]

### 3.4.1 DIE SAMESTELLING EN TOEPASSING VAN DIE OPE VRAELYS

Met inagneming van die relevante literatuur oor faktore wat vakkeuse beïnvloed, soos saamgevat in hoofstuk 2 hierbo; die wenke van ouers, onderwysers en leerlinge wat met vakkeuse gemoeid is; en die vereistes waaraan vraelyste moet voldoen, is 'n opevraelys saamgestel.[6]

Hierdie vraelys is aan 'n steekproef van agtien seuns en twaalf dogters, wat gekies is deur elke vierde seun en elke vierde dogter op die klaslyste te betrek, voorgelê om te beantwoord.

Die antwoorde was uiteenlopend, maar die redes wat leerlinge vir hulle vakkeuse aangevoer het, was besonder insiggewend en van groot waarde by die opstel van die finale vraelys, soos uit die volgende verbatim aanhalings blyk.

---

1. Kyk paragraaf 3.3.4.1.
2. Vergelyk paragraaf 3.4.1.; vergelyk ook bylae 1.
3. Professore J.J. de Wet en H.B. Kruger van die fakulteit Opvoedkunde aan die P.U. vir C.H.O.; vergelyk ook bylae 2.
4. Vergelyk paragraaf 3.4.3.; Vergelyk ook bylae 3.
5. Kyk paragraaf 3.4.4.; vergelyk ook bylae 4.
6. Kyk bylae 1.

(a) RESPONDENT A

„Duits, Latyn, Aardrykskunde: Van hierdie groep is Latyn reeds aan die einde van standerd 6 uitgeskakel toe ek Duits teenoor Latyn gekies het. Ek het Latyn moeilik gevind en dus Duits gekies, aangesien ek daarin beter presteer het en ook meer van die vak gehou het. My eintlike keuse was dus tussen Duits en Aardrykskunde. Hoewel ek baie van Aardrykskunde hou en ook die jaar wat ek dit as vak gehad het, baie goed daarin presteer het, het ek Duits bo Aardrykskunde verkies, omdat dit in die latere jare vir my meer kan beteken as Aardrykskunde en ook soos ek reeds gesê het, omdat ek baie van die vak hou.

„Wiskunde Houtwerk: Hier het Wiskunde ongetwyfeld die swaarste oorweging geniet aangesien dit een van my heel beste vakke is en ek baie van die vak hou en ook groot genot daaruit put. Ek wil ook eendag 'n graad behaal, waarvoor Wiskunde 'n toelatingsvereiste en 'n waardevolle byvak is. Hoewel ek prakties vir Houtwerk aangelê is en ook baie goed hierin presteer het, was dit nie 'n oorweging nie, omdat dit nie vir my van waarde is nie en ek baie gelukkig is om reeds meer van my pa, wat sy loopbaan as skrynwerker voltooi het en ook as gekwalifiseerde bouer gekwalifiseer het, van Houtwerk te geleer het, as wat hulle ooit tot matriek sal leer.

„Boekhou, Biologie: Boekhou is ook een van my beste vakke en omdat ek 'n goeie wiskundige aanleg het, vind ek die vak maklik en hou ek ook baie daarvan. Dit is egter ook 'n absolute vereiste vir die rigting en graad wat ek wil volg. Biologie is uitgeskakel, omdat dit geensins in verband staan met die rigting wat ek wil volg nie en alhoewel ek daarvan gehou en dit interessant gevind het, het ek nie vir die baie leerwerk gedurende standerd nege en matriek kans gesien nie.

„Natuur- en Skeikunde en Geskiedenis: Geskiedenis is uitgeskakel, deurdat ek my rapport geraadpleeg het. Dit was my swakste vak en ook in hierdie geval het ek nie vir die leer van 'n dooie vak, van die verlede, wat meestal net uit feite bestaan, kans gesien het nie. Natuur- en Skeikunde is dus die enigste moontlikheid wat oorgebly het, maar ek het dit nie gekies omdat ek moes nie, maar omdat ek van die vak hou en dit ook 'n moontlike onderskeiding in matriek kan beteken."

(b) RESPONDENT B

„Tussen Wiskunde en Houtwerk het ek die Wiskunde gekies. Na matriek wil alle werkgewers weet of jy Wiskunde as vak gehad het. Dit stoot jou waarde op onder die werkgewers. Hulle sal jou eerder in 'n pos aanstel as jy Wiskunde in plek van Houtwerk as vak gehad het. Ek stel nie in Houtwerk belang nie omdat ek nie met my hande wil werk nie.

„Ek verkies Natuur- en Skeikunde bo Geskiedenis omdat dit net soos Wiskunde ook 'n goeie vak is. Ten eerste as ek Natuur- en Skeikunde saam met Wiskunde het, het ek al klaar 'n voorsprong op die man wat Houtwerk en Geskiedenis het. Die werkgewer sal my liewer aanstel as die man met Houtwerk en Geskiedenis. Geskiedenis is 'n waardelose vak, waarmee jy niks kan doen nie. Dit is 'n spul datums en plekke met snaakse name waarmee jy niks kan doen nie. Dit bevorder net jou algemene kennis wat jy self kan opdoen deur te lees.

„Die Boekhou kies ek in plaas van Biologie ingeval ek eendag in 'n handelsrigting wil gaan. 'n Mens werk elke dag met geld. Die Biologie stel ek nie in belang nie omdat dit alles te doen het met ingewande, breine, bene ens. Ek hou nie van die idee om miskien eendag 'n dokter te word nie.

„Aardrykskunde het ek gekies omdat ek geen keuse gehad het nie. Duits staan my nie aan nie, want ek is nie goed daarin nie. Die onnie staan my ook nie aan nie."

(c) RESPONDENT C

„Ek het Boekhou gekies omdat ek meer belangstel en ek voel dat ek dit eendag gaan nodig kry. Biologie is vir my nie so interessant nie. Ek kan dit ook nie gebruik in die rigting wat ek wil studeer nie. Die rigting is elektroniese-ingenieur.

„Wiskunde beskou ek as my beste vak. Ek hou baie daarvan en ook van die onderwyser. Wiskunde kom op enige plek voor en dit het deesdae 'n noodsaaklikheid geword om Wiskunde as vak te hê. In Houtwerk stel ek niks belang nie en doen dus ook nie baie goed daarin nie.

„Ek het Duits gekies omdat iemand met 'n derde taal altyd hoër posisies bereik. Ook het ek van ander mense verneem dat die beste boeke oor Elektronika in Duits geskryf is. Ek het die vak ook geneem op aanbeveling van my ouers. Aardrykskunde het ek nie gekies nie omdat my ouers sê dat hulle nie kan sien hoe 'n mens dit kan neem na twee jaar wat ek dit nie as vak geneem het nie.

„Natuur- en Skeikunde stel ek baie belang in. Ek voel dat ek die vak goed kan gebruik in die toekoms. Ek hou glad nie van Geskiedenis nie. Laasjaar was dit die eerste vak in my hele skoolloopbaan wat ek gedruip het. Die onnie het ook niks van my gehou nie. Daar is ook te veel leerwerk en ek kan dit nie in my kop kry nie."

(d) RESPONDENT D

„Geskiedenis en Natuur- en Skeikunde: Ek het nog

nooit van die vak Geskiedenis veel gehou nie - afgesien van die feit dat dit baie leerwerk behels, reken ek dat Natuur- en Skeikunde 'n baie nuttiger vak is as Geskiedenis. Natuur- en Skeikunde behels ook minder leerwerk en meer verstaanwerk as Geskiedenis. Natuur- en Skeikunde sal my ook meer in my verdere studies na matriek te pas kom as Geskiedenis.

„Boekhou en Biologie: Ek reken dat Biologie my nie veel in die sak sal bring nie, aangesien ek nie in 'n genees- kundige rigting gaan studeer nie. Boekhou is ook altyd 'n nuttige vak en 'n mens kan dit altyd gebruik. Boekhou is ook interessant.

„Duits, Latyn en Aardrykskunde: Vanaf st. 6 het ek goeie punte in Duits behaal en gaan dus aan met Duits in plaas van Aardrykskunde. 'n Derde taal is altyd nuttig veral as mens wil gaan toer. Ek hou ook nie van Aardrykskunde nie.

„Wiskunde en Houtwerk: Die rigting waarin ek wil studeer vereis Wiskunde as 'n vak. Veiligheidshalwe het ek nou ook vyf vrystellingsvakke. As ek in een hiervan druip, het ek nog vier vrystellingsvakke en kan dus universiteit toe gaan. Houtwerk is wel 'n nuttige vak, maar ek verkies Wiskunde en wel omdat dit ook vir my interessant is."

(e) RESPONDENT E

„Boekhou en Biologie: Ek neem Biologie omdat ek daarvan hou om die diere en plante te bestudeer. Ek geniet dit om Biologie te leer. Ek neem nie Boekhou nie, omdat ek dit nie aan die begin kon snap nie. Ek hou nie daarvan om dit te verstaan nie, ek moet iets leer, dan is ek vol selfvertroue as ek eksamen skryf.

„Wiskunde en Huishoudkunde: Ek neem Huishoudkunde, want die kos wat ek maak voed my liggaam. Dit is lekker om

te kook en te spog dat jy iets behoorliks kan doen. Ek neem nie Wiskunde nie, omdat almal altyd vir my gesê het ek is dom, nou glo ek dit.

„<u>Tik en Geskiedenis</u>: Ek neem Geskiedenis omdat ek van die uitstappies hou en omdat daar baie seuns in die klas is.

„<u>Handel en Aardrykskunde</u>: Ek neem Handel, want dit kan ek nog nodig kry in die alledaagse lewe. Ek neem nie Aardrykskunde nie, want almal het vir my gesê dis moeilik."

(f) <u>RESPONDENT F</u>

„<u>Boekhou en Biologie</u>: In Boekhou het ek nooit opgelet nie en nou verstaan ek niks nie. Ek hou so 'n bietjie van die onnie, maar hy slaan die seuns te veel en ons het te veel huiswerk gekry. Biologie is 'n fantastiese vak en as die onnie huiswerk gee, hou hy matigheid voor oë: Dit is lekker werk en ek is lief vir die natuur en gaan in 'n Biologie rigting verder studeer.

„<u>Huishoudkunde en Handel</u>: Teen Handel: Ons sal te veel toetse moet skryf. Ek hou nie van Handel nie. Vir Huishoudkunde: Ek hou van kook en naaldwerk. Ons skryf nie te baie toetse nie. Ek hou van die onnie.

„<u>Geskiedenis en Tik</u>: Ek moes Geskiendenis neem, want ek het nooit van te vore tik gehad nie.

„<u>Aardrykskunde en Handel</u>: Teen Handel: Ek hou nie van die onnie nie. Ek hou nie van Handel nie. Skryf te veel toetse. Ek hou van Aardrykskunde. Ek hou van die onnie en ek hou daarvan om Aardrykskunde te leer.

(g) <u>RESPONDENT G</u>

„<u>Geskiedenis en Tik</u>: Geskiedenis is interessant

en jy leer jou land se verlede ken. Ek is goed in Geskiedenis. Ek neem nie Tik nie, omdat jy pouses en voor skool en na skool moet bly om te tik. Dit vermoei my om voor 'n tikmasjien te sit. Tik is vervelig.

„Boekhou en Biologie: Ek neem nie Boekhou nie, omdat ek dit van die begin af nie verstaan het nie, dit vervelig is en die onnie nie lekker Boekhou gegee het nie. Die vak het ook te veel huiswerk. Ek neem Biologie omdat dit interessant is, ek verder daarin wil studeer en dit 'n goeie geleentheid skep om nie Boekhou te neem nie.

„Aardrykskunde en Handel: Ek neem nie Aardrykskunde nie, die kinders sê dis te veel kaarte om te teken en te veel leerwerk. Ek hou ook nie van die onderwyser se vraestelle nie. Ek neem Handel omdat ek goed daarin vaar, die vak interessant is en lekker is om te leer.

„Huishoudkunde, Wiskunde en Handel: Ek neem Huishoudkunde omdat dit lekker is, die studie sal my later te pas kom na skool en ek sal iets meer weet van huishouding."

Bogeneemde standpunte is geneem uit leerlinge se reaksie op die ope vraelys.[1] Dit verteenwoordig min of meer die respondente se redes waarom hulle 'n vak uit elk van die 4 grope vakke gekies het, waaruit hulle 'n keuse moes maak en dui in die algemeen op ernstige oorweging van die voor- en nadele van iedere vak. Die motiverings is, soos verder aan sal blyk, terdeë in ag geneem by die saamstel van die meervoudige keuse vrae van die geslote vraelys.

Uit die volgende verbatim aanhalings wil dit voorkom asof die leerlinge nie 'n deeglike studie van die groepe vakke gemaak het, voordat hulle 'n keuse gedoen het nie. Die redes wat genoem word staaf hierdie bewering:

---

1. Kyk bylae 1.

(a) RESPONDENT H

„Boekhou en Biologie: Ek kies Biologie - kry nie huiswerk nie en is makliker. Ek neem nie Boekhou nie - te veel huiswerk en verstaan dit nie.

„Huishoudkunde en Handel: Ek neem nie Huishoudkunde nie, want die juffrou hou nie van my nie - kry te veel pak. Ek neem Handel omdat ek nie Huishoudkunde geneem het nie.

„Aardrykskunde en Handel: Aardrykskunde geneem omdat ek nie weer Handel kan neem nie.

„Geskiedenis en Tik: Tik is maklik en ek wil eendag Tik hê as ek gaan werk. Geskiedenis is te moeilik om al die datums te leer."

(b) RESPONDENT I

„Houtwerk en Wiskunde: Ek weet nie hoekom ek Houtwerk geneem het nie.

„Biologie en Boekhou: Ek het Biologie geneem omdat die meneer in Boekhou vir enige rede slaan.

„Geskiedenis en Natuur- en Skeikunde: Ek het Geskiedenis geneem omdat ek nie Wiskunde kan doen nie.

„Handel en Aardrykskunde: Ek het Handel geneem omdat ek nie van Aardrykskunde hou nie."

(c) RESPONDENT J

„Boekhou en Biologie: Boekhou neem te veel tyd in beslag ek neem dus Biologie.

„Houtwerk en Wiskunde: Houtwerk is 'n lekkerder vak en ek hou nie van die Wiskunde-onnie nie, want hy pik

te veel op sekere kinders.

„Geskiedenis en Natuur- en Skeikunde: Geskiedenis is 'n lekker vak en ek het nie Wiskunde nie.

„Handel en Aardrykskunde: Ek wou nie Handel los om Aardrykskunde te vat nie, want dit is 'n lekker vak."

(d) RESPONDENT K

„Boekhou en Biologie: Biologie is te veel om te leer, dis ook te moeilik. Ek vat Boekhou.

„Natuur- en Skeikunde: Geskiedenis is te veel om te leer en dis ook te moeilik ek vat Natuur- en Skeikunde.

„Wiskunde en Houtwerk: Ek vat Wiskunde vir my praktyk eendag.

„Aardrykskunde en Duits: Duits is te moeilik ek vat Aardrykskunde."

(e) RESPONDENT L

„Ek neem Biologie, Handel, Huishoudkunde en Tik dit is die vakke wat ek die beste in doen en van die vakke het ook, wat my betref, die beste onderwysers."

(f) RESPONDENT M

„Handel en Aardrykskunde: Handel is 'n makliker vak as Aardrykskunde. Handel het nie tekeninge nie maar Aardrykskunde wel.

„Tik en Geskiedenis: Tik is makliker as Geskiedenis, want Geskiedenis is 'n leervak.

„Boekhou en Biologie: Boekhou is makliker as Biologie, want daar is niks om te teken nie.

„Huishoudkunde en Wiskunde: Ek hou meer van die Huishoudkunde juffrou."

(g) RESPONDENT N

„Biologie en Boekhou: Ek kan nie Boekhou doen nie en hou van Biologie.

„Natuur- en Skeikunde, Geskiedenis en Tik: Hou glad nie van Geskiedenis nie, maar het geen ander keuse nie (het nie Wiskunde nie).

„Wiskunde en Houtwerk: Hou van Houtwerk en kry meer punte as in Wiskunde."

(h) RESPONDENT O

„Hoekom ek nie Biologie vat nie, is omdat Biologie baie meer leerwerk het as Boekhou.

„Geskiedenis, Tik en Natuur- en Skeikunde: Ek vat Tik want dis vir meisies en ek het nie Wiskunde nie."

(i) RESPONDENT P

„Houtwerk, Handel en Aardrykskunde: Handel het nie tekeninge nie, maar in Houtwerk kry jy baie tekeninge, want ek is nie goed in dit nie."

(j) RESPONDENT Q

„Natuur- en Skeikunde en Geskiedenis: Hou nie van Geskiedenis nie.

„Biologie en Boekhou: Kan nie Boekhou doen nie.

„Wiskunde en Houtwerk: Hou nie van Houtwerk nie.

„Aardrykskunde, Duits en Latyn: Het nie Duits en Latyn gehad nie moet dus Aardrykskunde neem."

(k) RESPONDENT R

„Skei- Nat. en Geskiedenis: Ek het Skei- nat. gekies omdat ek baie swak was in Geskiedenis.

„Boekhou en Biologie: Toe kies ek Biologie omdat ek nie goed in Boekhou kan doen nie.

„Wiskunde en Houtwerk: Ek het Wiskunde gekies omdat ek nie van Houtwerk hou nie.

„Aardrykskunde en Duits: Toe kies ek Aardrykskunde omdat ek die Duits nie mooi verstaan nie."

(l) RESPONDENT S

„Aardrykskunde en Duits: Ek moes Aardrykskunde neem omdat ek te swak was in Duits.

„Boekhou en Biologie: Ek verkies Boekhou bo Biologie, want ek hou van somme.

„Wiskunde en Houtwerk: Ek hou baie van Wiskunde en ek altyd sleg was in Houtwerk.

„Skei- Nat. en Geskiedenis: Ek weet nie hoekom ek Skei- Nat. gekies het nie."

Uit laasgenoemde motivering deur leerlinge van hulle vakkeuse, wil dit voorkom of almal nie ernstige aandag daaraan geskenk het om die vakke teen mekaar op te weeg nie.

Dit wil ook voorkom asof laasgenoemde groep leerlinge nie baie aan die toekoms gedink het nie, maar eerder 'n vakkeuse gedoen het wat hulle op die oomblik kan baasraak of geniet.

Vervolgens word enkele aanhalings wat dui op probleme met vakkeuse, 'n vak of onderwyser gegee:

(a) RESPONDENT T

„Ek wou graag Duits gevat het, maar die onnie wou nie gehad het ek moes nie. Ek was nie so baie goed daarin nie, en die onnie het gesê ek sal die ander kinders agter hou. Op die ou end het kinders wat baie slegter as ek was Duits gevat."

(b) RESPONDENT U

„Ek is nie baie goed in Wiskunde nie, maar ek moet dit op universiteit hê. Daarom het ek dit gekies. Al wat ek nou daaromtrent kan doen is maar net hard werk."

(c) RESPONDENT V

„Duits hou ek glad nie van nie, en het dit ook nie op universiteit nodig nie. Ons kan òf Duits òf Aardrykskunde gekies het, maar ek wou graag Boekhou gehad het, maar die skool laat dit nie toe nie. Dus sit ek nou met Duits."

(d) RESPONDENT W

„Ek het eers Boekhou gekies, maar gou agtergekom dat ek Biologie kan leer, maar Boekhou moet jy verstaan, jy kan dit nie by die huis gaan leer as jy dit nie verstaan nie."

(e) RESPONDENT X

„In Geskiedenis het die onnie my laasjaar heeltemal

afgesit, daarom het ek Natuur- en Skeikunde gekies."

(f) RESPONDENT Y

„Ek het Boekhou geneem omdat my broer dit aan my kan verduidelik."

(g) RESPONDENT Z

„Ek sou graag Natuur- en Skeikunde wou neem, maar ek verkies nie Wiskunde nie, daarom het ek Skei- Nat. nie geneem nie. Wiskunde-onnie wil net slaan en slaan as mens nie alles ken nie."

(h) RESPONDENT A i

„Ek het Geskiedenis geneem want ek hou daarvan en ek het nie Natuur- en Skeikunde geneem nie, want die onnie praat 'n mens aan die slaap."

(i) RESPONDENT B i

„Ek het klaar drie leervakke, daarom wil ek nie nog Biologie ook kies nie."

(j) RESPONDENT C i

„Ek is verplig om Geskiedenis te neem. Ek wou graag Natuur- en Skeikunde neem, maar kon dit ongelukkig nie neem nie, want my Wiskunde was te swak."

(k) RESPONDENT D i

„Ek het nie Huishoudkunde geneem nie, want ek moes altyd na skool bly om klaar te maak met prakties."

In die ope vraelys kan die respondente na willekeur en met die grootste omhaal van woorde, hulle eie antwoorde verskaf op die vrae wat aan hulle gestel is. Die ope vraelys het egter sy tekortkominge soos reeds hierbo aangedui is.[1] Daar is dus 'n tentatiewe geslote vraelys saamgestel met inagneming van die gegewens wat verkry is uit die antwoorde op die vraelys.

### 3.4.2 TENTATIEWE GESLOTE VRAELYS

Soos uit hierdie paragraaf sal blyk het die reaksie op die ope vraelys in 'n groot mate as uitgangspunt gedien by die samestelling van die tentatiewe geslote vraelys.[2]

Afdeling A van die geslote vraelys handel oor persoonlike aangeleenthede van die respondente en hulle ouers. Die vrae wat hierin voorkom sal gebruik word as veranderlikes, want deur dit te gebruik kan moontlik vasgestel word wat die relatiewe invloed van iedere faktor op die verskillende groepe leerlinge se vakkeuse is. Vrae 7 tot en met 10 handel oor die opvoedkundige peil wat die vader en moeder bereik het.[3] Respondent C,[4] hierbo verwys byvoorbeeld na sy ouers as persone wat hom aangeraai het om Duits te kies.

Die verdere opleiding[5] van ouers speel waarskynlik 'n rol by die mate waartoe hulle hulle kinders beïnvloed het, by die doen van 'n vakkeuse[6], daarom is vrae 7 tot 10 ingesluit. Selfs die beroep wat die ouer beoefen kan 'n indirekte invloed uitoefen op die vakkeuse van hulle kinders.[7] Om hierdie invloed vas te stel is veral 11 en 12 gestel.[8]

---

1. Vergelyk paragraaf 3.3.1.3.
2. Kyk bylae 2.
3. Ibid.
4. Vergelyk paragraaf 3.4.1.
5. Vergelyk paragraaf 2.3.1.2.
6. Ibid.
7. Vergelyk paragraaf 2.3.1.2.
8. Kyk bylae 2.

Die vrae in Afdeling B handel oor persone wat moontlik die respondente kon beïnvloed het, by die doen van hulle vakkeuses. 'n Deeglike studie van die ope vraelys het aan die lig gebring dat die onderwyser wat die vak gee[1] 'n belangrike rol gespeel het by die doen van vakkeuses. Die volgende respondente noem die onderwyser wat die vak gee as invloespersoon: respondente B, C, F, G, H, I en M.[2] Daar word verder na die volgende invloespersone verwys: Respondent C na sy ouers, respondent G na maats en respondent Y na sy broer.[3]

By die beantwoording van die ope vraelys het die respondente hulle eie menings verstrek en is daar geen leiding aan hulle gegee in verband met faktore wat hulle moontlik kon beïnvloed het nie. Uit bestaande bevindings in verband met vakkeuse blyk dit dat die volgende persone moontlik ook van belang kan wees by die doen van 'n vakkeuse: die hoof van die skool, die voorligteronderwyser en die registeronderwyser.[4] 'n Persoon in 'n beroep waar die vak van belang is, word ook bygevoeg, omdat leerlinge dikwels so iemand ken wat 'n sukses van sy beroep maak en op die manier 'n onbewuste invloed op hulle uitoefen by die maak van 'n vakkeuse.

Die vrae in Afdeling C handel oor die invloed wat die vak self, by die doen van 'n vakkeuse, uitoefen. In die ope vraelys het die respondente dikwels na een of ander eienskap van die vak verwys, wat hulle beïnvloed het om die betrokke vak te kies. Respondent D noem dat Skei- Nat. minder leerwerk en meer verstaanwerk as Geskiedenis het.[5] „Jy kan die vak leer, jy hoef dit nie te verstaan nie", word deur respondente E en W as rede genoem waarom hulle Biologie geneem het en nie Boekhou nie.[6] Respondent C het Skei- Nat.

---

1. Vergelyk paragraaf 3.4.1.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Vgl. ook Hill, J.S. 'n Ondersoek na die omvang van die invloed uitgeoefen deur invloedpersone op die vakkeuse van hoërskoolleerlinge met spesiale verwysing na Latyn, p.218.
5. Kyk Paragraaf 3.4.1.
6. Ibid.

gekies, omdat hy Wiskunde ook neem en dit hom kan help in die studie van Skei- Nat.[1] „Die vak kan my help in die beroep wat ek graag wil volg" word deur respondent A en G genoem as rede waarom hulle Wiskunde en Biologie gekies het.[2] Respondente H en M voer aan dat hulle Biologie en Handel gekies het, omdat dié vakke makliker is.[3] Leerlinge noem ook dat hulle 'n vak of vakke gekies het, omdat hulle goed daarin presteer het.[4] So, byvoorbeeld, noem respondente A, G en L beste prestasie as rede vir hulle keuse van Duits, Geskiedenis en Huishoudkunde. Respondent D het Boekhou gekies omdat dit interessanter is as Biologie, en respondent G Biologie omdat dit interessanter as Boekhou is.[5]

Respondente het ook in die ope vraelys melding gemaak van die feit dat hulle nie altyd so goed in 'n vak presteer nie, maar dit nogtans kies om uitvoering te gee aan hulle toekomsplanne. Kyk in die verband na die opmerkings van respondente C, H, K, U en M.[6] Leerlinge voer ook aan dat hulle 'n vak gekies het, omdat hulle „daarvan hou". Vergelyk respondent A, R en S.[7] Respondent B het aangevoer dat hy Wiskunde gekies het omdat hy makliker 'n werk sal kry as iemand wat Houtwerk gekies het.[8]

Die vrae in Afdeling D het ook betrekking op die vak self, maar om redes bloot te lê, waarom respondente nie die vak gekies het nie. Hierdie redes is, onder meer vir kontroledoeleindes, presies die teenoorgestelde gemaak as dié van Afdeling C.

Afdeling E se vrae is so gestel dat die eienskappe van die vakonderwyser onder die vergrootglas kom. Daar word tot hierdie stap oorgegaan omdat respondente in die ope vraelys nie spesifiek na die vakonderwyser nie, maar na eienskappe

---

1. Ibid.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid.
6. Ibid.
7. Ibid.
8. Ibid.

van hom wat hulle laat besluit het om 'n vak te kies of nie[1] verwys het. So, byvoorbeeld, verwys respondente G en V na die vermoë van die vakonderwyser om sy kennis oor te dra, terwyl respondente F, I, J en T deur die onderwyser se regverdigheid beïnvloed was.[2] 'n Ander eienskap van die vakonderwyser, waarna verwys word, is die vermoë om tug te handhaaf. Vergelyk respondente Z, I en H.[3] Dan is daar die groep respondente wat sommer net van die onderwyser hou en daarom die vak, wat hy onderrig, kies. Kyk respondente B, C, F en G.[4]

Afdeling F van die geslote vraelys handel oor die negatiewe eienskappe van die onderwyser wat tot gevolg het dat leerlinge nie sy vak kies nie. Hierdie eienskappe is die teenoorgestelde as dié in Afdeling E.

## 3.4.3 EERSTE REDAKSIE VAN DIE TENTATIEWE VRAELYS

Die tentatiewe vraelys is met professore J.J. de Wet en H.B. Kruger van die P.U. vir C.H.O. bespreek en op hulle advies is dit geredigeer, waartydens die volgende veranderinge aangebring is:[5]

### 3.4.3.1 EERSTE REDAKSIE VAN INSTRUKSIES IN AFDELING A

1. Punt nommer 3 onder die opskrif Hoe om die vraelyste te voltooi is gewysig om te lees: Alle antwoorde sal as streng vertroulik beskou en behandel word. Jou naam of enige ander persone se name moet dus nêrens op die vorm voorkom nie.

2. Vraag 3 word weggelaat.

---

1. Ibid. ; Vergelyk oop Pheasant, J.H. Op. cit., p.39.
2. Kyk paragraaf 3.4.1.
3. Kyk paragraaf 3.4.1.
4. Kyk bylae 2.
5. Kyk bylae 3.

3. Vraag 4 word as volg verander: Hoe oud was jy op 31 Januarie 1972?

| | |
|---|---|
| 14 jaar ............. | ..... |
| 15 jaar ............. | ..... |
| 16 jaar ............. | ..... |
| 17 jaar ............. | ..... |
| 18 jaar ............. | ..... |

4. Vraag 5 en 6 word as volg saamgevat as vraag 4: Is jy van plan om na standerd 10 verder te gaan studeer?[1]

| | |
|---|---|
| Universiteit ........ | ..... |
| Kollege ............. | ..... |
| nee ................. | ..... |
| onseker ............. | ..... |
| ambag ............... | ..... |

5. 'n Nuwe vraag 5 wat soos volg lui word ingevoeg: Watter standerd het jou vader op skool voltooi?

| | |
|---|---|
| Standerd 6 .......... | ..... |
| Standerd 7 .......... | ..... |
| Standerd 8 .......... | ..... |
| Standerd 9 .......... | ..... |
| Standerd 10 ......... | ..... |

Hierdie vraag is bygevoeg om voorsiening te maak vir proefpersone wie se vaders nie verder gaan studeer het nie.

6. Vraag 7 en 8 word as volg verander na vraag 6: Het jou vader na skool verder studeer aan 'n universiteit of kollege?[2]

| | |
|---|---|
| Universiteit ........ | ..... |
| Kollege ............. | ..... |
| Nee ................. | ..... |

1. Kyk bylae 2.
2. Ibid.

7. 'n Nuwe vraag 7 wat as volg lui word ingevoeg:
Watter standerd het jou moeder op skool voltooi?

| | |
|---|---|
| Standerd 6 .......... | ..... |
| Standerd 7 .......... | ..... |
| Standerd 8 .......... | ..... |
| Standerd 9 .......... | ..... |
| Standerd 10 ......... | ..... |

Hierdie vraag is bygevoeg om voorsiening te maak vir respondent wie se moeders nie verder gaan studeer het nie.

8. Vraag 9 en 10 word as volg verander na vraag 8:
Het jou moeder na skool verder studeer aan 'n universiteit of kollege?[1]

| | |
|---|---|
| Universiteit ........ | ..... |
| Kollege ............. | ..... |
| Nee ................. | ..... |

9. Vraag 11 word as volg gewysig na vraag 9:[2]

Maak 'n kruisie by die soort werk wat jou vader doen.

| | |
|---|---|
| Oorlede ......................... | ..... |
| Professioneel, semi-professioneel en tegnies ...................... | ..... |
| Besturend, uitvoerend en administratief ........................ | ..... |
| Klerklik ........................ | ..... |
| Verkoops- en verwante werk ....... | ..... |
| Myn- en steengroefwerkers (werklike ontginning en bewerking ..... | ..... |
| Vervoer, aflewering en kommunikasie ......................... | ..... |

1. Ibid.
2. Ibid.

Operateurs, halfgeskoolde en verwante werkers in:

| | |
|---|---|
| Bewerking van metaal, kunshars, of masjiendele (enige bedryf) en operateurs in motornywerheid ..... | ...... |
| Bou- en konstruksiewerk. Enige bedryf .......................... | ...... |
| Meubels en houtverwerking ........ | ...... |
| Klere- en tekstielvervaardiging, was, droogskoonmaak, ens. ........ | ...... |
| Voedsel, drank en tabak, voorbereiding en vervaardiging ......... | ...... |
| Glas, sement, bakstene en teëls .. | ...... |
| Chemiese rubberprodukte .......... | ...... |
| Drukwerkoperateurs, Papiervervaardiging ........................ | ...... |
| Algemeen: Toesighouers, ander algemene operateurs, ens. ........ | ...... |
| Dienste: Werknemers werksaam in dienshoedanighede (openbaar, persoonlik en huishoudelik) ......... | ...... |
| Arbeiders ....................... | ...... |
| Metaal- en ingenieursambagte ..... | ...... |
| Elektrotegniese-ambagte .......... | ...... |
| Motorambagte ..................... | ...... |
| Bou-ambagte ...................... | ...... |
| Drukkersambagte .................. | ...... |
| Meubelambagte .................... | ...... |
| Voedselambagte ................... | ...... |
| Diamantslyp- juweliers- en goudsmederyambagte .................. | ...... |
| Haarkappers- en diverse ambagte .. | ...... |

10. Vraag 12 word as volg gewysig na vraag 10:[1]

Maak 'n kruisie by die soort werk wat jou moeder doen:

| | |
|---|---|
| Huisvrou ......................... | ...... |
| Oorlede .......................... | ...... |
| Professioneel, semi-professioneel en tegnies ..................... | ...... |

1. Vergelyk bylae 2.

| | |
|---|---|
| Klerklik ........................ | ...... |
| Besturend, uitvoerend en administratief ........................ | ...... |
| Verkoops- en verwante werk ....... | ...... |
| Vervoer, aflewering en kommunikasie | ...... |
| Klere- en tekstielvervaardiging, was, droogskoonmaak, ens. ........ | ...... |
| Voedsel, drank en tabak, voorbereiding en vervaardiging ......... | ...... |
| Chemiese en rubberprodukte ....... | ...... |
| Drukwerkprosesoperatrises, papiervervaardiging ................... | ...... |
| Algemeen: Toesighoudsters, ander algemene operatrises ............. | ...... |
| Dienste: Werkneemsters werksaam in dienshoedanighede (openbaar, persoonlik en huishoudelik) ...... | ...... |
| Drukkersambagte .................. | ...... |
| Voedselambagte ................... | ...... |
| Diamantslyp-, juweliers- en goudsemdery-ambagte ................. | ...... |
| Haarkapsters- en diverse ambagte . | ...... |

11. Vrae 13, 14, 15 en 16 word as volg saamgevat as vraag 11:[1]

Uit die volgende groepe vakke het jy een gekies
Dui met 'n kruisie aan watter een.

| | | | |
|---|---|---|---|
| (a) | 1. | Duits | ...... |
| | 2. | Latyn | ...... |
| | 3. | Aardrykskunde | ...... |
| (b) | 1. | Wiskunde | ...... |
| | 2. | Bedryfskennis (Houtwerk) | ...... |
| | 3. | Huishoudkunde | ...... |
| (c) | 1. | Biologie | ...... |
| | 2. | Rekeningkunde (Boekhou) | ...... |

1. Kyk bylae 2.

(d) 1. Geskiedenis ......
2. Natuur- en Skeikunde (Wetenskap) ......
3. Tik ......

12. Vraag 12 word opgeneem om kolom 8 van Afdeling B te vervang.

### 3.4.3.2 EERSTE REDAKSIE VAN AFDELING B

1. Die tentatiewe vraelys is opgestel vir die U-kursus, en 'n ooreenstemmende vraelys sou ook opgestel word vir die E-kursus, omdat die vakkeuses van die twee kursusse verskil. Om ekonomiese redes is hiervan afgesien en is die vakkeuses vir die twee kursusse saamgevat in een vraelys. Met die oog hierop is die eerste kolom in die tentatiewe vraelys uitgebrei om albei vakkeuses te omvat en wel as volg:[1]

VAK

(a) (i) 1. Duits
2. Latyn
3. Aardrykskunde
(ii) 1. Aardrykskunde
2. Handel
(b) (i) 1. Wiskunde
2. Bedryfskennis (Houtwerk)
3. Huishoudkunde
(ii) 1. Wiskunde
2. Bedryfskennis (Houtwerk
3. Huishoudkunde
4. Handel
(c) 1. Biologie
2. Rekeningkunde
(d) 1. Geskiedenis
2. Natuur- en Skeikunde (Wetenskap)
3. Tik

1. Vergelyk bylae 2.

2. Die instruksies word gewysig om te lees:[1]

1. Uit elk van die volgende groepe vakke (a), (b), (c) en (d) het jy EEN VAK gekies. Maak slegs 'n kruisie TEENOOR HIERDIE VAK, (LEES OOK DIE INSTRUKSIE ONDERAAN DIE TABEL) onder die PERSOON wat die GROOTSTE INVLOED op jou uitgeoefen het.

2. Onder groep (a)(i) en (b)(i) is die keusevakke vir die U-kursus (A-Baan) en by (a)(ii) en (b)(ii) die keusevakke vir die E-kursus (B-Baan). By groepe (c) en (d) is die keusevakke vir die U-kursus en die E-kursus dieselfde.

3. Die moontlike beïnvloeders is anders as in die tentatiewe vraelys georden ten einde te voorkom dat almal aan die skool verbonde in die eerste vier kolomme verskyn. Daar is gevoel dat dit moontlik die beantwoording kan beïnvloed deur die indruk van voorrang te skep. Soos hierbo aangedui is die kolom „jou eie keuse" weggelaat en in die plek daarvan is geplaas „'n Persoon in 'n beroep waar die vak van belang is."

### 3.4.3.3 EERSTE REDAKSIE VAN AFDELING C

1. Die instruksies word gewysig om soos volg te lees:[2]

1. Uit elk van die groepe vakke het jy EEN VAK GEKIES. Trek slegs 'n kruisie TEENOOR HIERDIE VAK ONDER die BELANGRIKSTE REDE waarom jy die vak gekies het. (LEES OOK DIE INSTRUKSIE ONDERAAN DIE TABEL).

2. Onder groep (a)(i) en (b)(i) is die keusevakke vir die U-kursus (A-Baan) en by (a)(ii) en (b)(ii) die keusevakke vir die E-kursus (B-Baan). By groepe (c) en (d) is die keusevakke vir die U-kursus en E-kursus dieselfde.

2. Ook in hierdie geval is die beïnvloedende faktore anders as in die tentatiewe vraelys gerangskik ten einde enige sweem van suggestie te voorkom.

---

1. Ibid.
2. Vergelyk bylae 2.

3. Die volgende drie moontlike faktore is voorts bygevoeg: (i) Die vak is vir my interessant. (ii) Ek hou van die vak. (iii) As ek die vak in standerd 10 slaag, sal ek maklik 'n werk kry.

### 3.4.3.4 EERSTE REDAKSIE VAN AFDELING D

1. Die instruksies is gewysig om as volg te lees:[1]

 1. Uit die groepe vakke hieronder is daar VAKKE WAT JY NIE GEKIES HET NIE. Trek slegs 'n kruisie TEENOOR HIERDIE VAKKE onder die BELANGRIKSTE REDE waarom jy dit NIE GEKIES HET NIE. (LEES OOK DIE INSTRUKSIE ONDERAAN DIE TABEL).

 2. Onder groep (a)(i) en (b)(i) is die keusevakke vir die U-kursus (A-Baan) en by (a)(ii) en (b)(ii) die keusevakke vir die E-kursus (B-Baan). By groepe (c) en (d) is die keusevakke vir die U-kursus en E-kursus dieselfde.

2. In die tentatiewe vraelys is daar slegs 6 eienskappe van die vak gegee om te oorweeg.[2] Hierdie eienskappe is uitgebrei na 10, ten einde dit presies die negatiewe van die eienskappe genoem in Afdeling C te maak. Ook in hierdie geval is die rangskikking van die tien keuses gewysig om beïnvloeding sover as moontlik te beperk.

### 3.4.3.5 EERSTE REDAKSIE VAN AFDELING E

1. Die instruksies is gewysig om as volg te lees:[3]

 1. Uit elk van die groepe vakke (a), (b), (c) en (d) het jy EEN VAK GEKIES. Trek slegs TEENOOR HIERDIE vak 'n kruisie ONDER DIE EIENSKAP van die onderwyser/es wat die GROOTSTE INVLOED op jou uitgeoefen het en wat

---

1. Vergelyk bylae 2.
2. Ibid.
3. Vergelyk bylae 2.

jou laat besluit het om die vak te kies. (LEES OOK DIE INSTRUKSIE ONDERAAN DIE TABEL).

2. Onder groep (a)(i) en (b)(i) is die keusevakke vir die U-kursus (A-Baan) en (a)(ii) en (b)(ii) die keusevakke vir die E-kursus (B-Baan). By groepe (c) en (d) is die keusevakke vir die U-kursus en E-kursus dieselfde.

2. Die moontlike beïnvloedende eienskappe van die onderwyser/es is met die volgende uitgebrei: Die onderwyser/es maak die vak interessant, die onderwyser/es se standerd 10 uitslae is altyd goed en ek hou van die onderwyser/es. Soos in die vorige afdelings is die moontlike beïnvloedende faktore herrangskik.

3.4.3.6 EERSTE REDAKSIE VAN AFDELING F

1. Die instruksie is gewysig om as volg te lui:[1]

1. Uit die groepe hieronder is daar vakke wat jy nie gekies het nie. Maak slegs 'n kruisie teenoor die vak onder die belangrikste rede waarom jy nie die vak gekies het nie. (LEES OOK DIE INSTRUKSIE ONDERAAN DIE TABEL).

2. Onder groep (a)(i) en (b)(i) is die keusevakke vir die U-kursus (A-Baan) en (a)(ii) en (b)(ii) die keusevakke vir die E-kursus (B-Baan). By groepe (c) en (d) is die keusevakke vir die U-kursus en die E-kursus dieselfde.

2. Die eienskappe van die vakonderwyser/es wat moontlik daartoe kon bydra dat leerlinge nie die vak kies nie, is die teenoorgestelde gemaak van dié in Afdeling E en ook hierdie eienskappe is herrangskik om beïnvloeding te probeer beperk.

---

1. Ibid.

Nadat bogenoemde veranderinge en wysigings aangebring is, is die geredigeerde vraelys[1] getik en afgerol vir voorlopige toepassing.

### 3.4.4 FINALE REDAKSIE VAN DIE VRAELYS

Die eerste redaksie van die geslote vraelys is vir beantwoording voorgelê aan 'n steekproef van agt seuns en sewe dogters, gekies deur iedere agste seun en elke agste dogter op die betrokke klaslyste te betrek.

Die gemiddelde tyd wat dit vir hierdie groepie geneem het om die vraelys te voltooi, was 28 minute, maar omdat vyf proefpersone langer as 30 minute besig was, is besluit om die tydsduur as ongeveer 35 minute te neem en die algemene instruksies is aldus gewysig.[2] Na voltooiing daarvan is die vraelys in retrospeksie geneem en op grond van die ervaring van die steekproef met die beantwoording en van die proefnemer met die tabulering van die antwoorde, is die volgende finale veranderinge aangebring.[3]

#### 3.4.4.1 FINALE REDAKSIE VAN AFDELING A

1. Die bewoording van vraag 4 is gewysig om te lui:[4]
   Is jy van plan om na standerd 10 verder te gaan studeer? Indien wel dui in die betrokke ruimte aan waar.

| | |
|---|---|
| Universiteit | ...... |
| Kollege | ...... |
| Ander opleiding | ...... |
| Onseker | ...... |
| Nee | ...... |

   Opleiding vir 'n ambag word verander na ander opleiding, omdat daar twee respondente was wat tegniese opleiding beoog het.

---

1. Kyk bylae 3.
2. Kyk bylae 4.
3. Ibid.
4. Kyk bylae 3.

2. Die bewoording van vraag 9 is gewysig tot:[1]
Maak 'n kruisie by die soort werk wat jou vader doen.

| | |
|---|---|
| Professioneel | ...... |
| Klerklike | ...... |
| Ambag | ...... |
| Onopgeleide ambag | ...... |
| Oorlede | ...... |

Na die mening van die respondente was 28 beroepe te veel om deur te lees om sodoende die soort werk wat sy vader doen te soek. Die lys beroepe is hierom, maar ook om ekonomiese redes, verkort.

3. Die bewoording van vraag 10 is gewysig tot:[2]
Maak 'n kruisie by die soort werk wat jou moeder doen.

| | |
|---|---|
| Professioneel | ...... |
| Klerklike | ...... |
| Werkneemster werksaam in dienshoedanighede | ...... |
| Huisvrou | ...... |
| Oorlede | ...... |

Hierdie wysiging is om dieselfde redes as dié vir vraag 10, hierbo, aangebring.

4. Die bewoording van vraag elf is gewysig om soos volg te lui:
Uit elk van die volgende groepe vakke het jy een gekies. Dui met 'n kruisie aan watter een.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| (a) (i) ( | 1. | Duits | (1) | ...... |
| U-KURSUS ( | 2. | Latyn | (2) | ...... |
| | 3. | Aardrykskunde | (3) | ...... |
| (ii) | 1. | Aardrykskunde | (1) | ...... |
| E-KURSUS | 2. | Handel | (2) | ...... |

1. Ibid.
2. Ibid.

| | | | |
|---|---|---|---|
| (b) (i) | 1. | Wiskunde | (1) ...... |
| U-KURSUS | 2. | Bedryfskennis (Houtwerk) | (2) ...... |
| | 3. | Huishoudkunde | (3) ...... |
| (b) (ii) | 1. | Wiskunde | (1) ...... |
| E-KURSUS | 2. | Bedryfskennis (Houtwerk) | (2) ...... |
| | 3. | Huishoudkunde | (3) ...... |
| | 4. | Handel | (4) ...... |
| (c) | 1. | Biologie | (1) ...... |
| U en E-KURSUS | 2. | Rekeningkunde (Boekhou) | (2) ...... |
| (d) | 1. | Geskiedenis | (1) ...... |
| U en E-KURSUS | 2. | Natuur- en Skeikunde (Wetenskap) | (2) ...... |
| | 3. | Tik | (3) ....... |

Hierdie verandering is, genoodsaak omdat by die groepe vakke onder (a) en (b)[1] nie voorsiening gemaak is vir Handel wat die E-kursusleerlinge kon kies nie. Daar word duidelikheidshalwe ook by elke groep vakke aangedui of dit vir die U-kursus of E-kursus bedoel is.

5. Die bewoording van vraag 12 is as volg gewysig: Dink jy dat jy in alle EERLIKHEID kan sê dat jy jou EIE vakkeuse gedoen het? (Met ander woorde, geen ander persoon het jou in enige opsig beïnvloed nie. Jy het by niemand gaan raad vra nie, en is ook nie deur ander inligtingsbronne beïnvloed nie).

JA ......

NEE ......

---

1. Kyk bylae 3.

Hierdie verandering is in die bewoording aangebring om die respondente tot ernstige nadenke te probeer stem.

### 3.4.4.2 FINALE REDAKSIE VAN AFDELINGS B TOT F

1. Die vorm van die tabelle is gewysig om hantering van die vraelys deur die respondente te vergemaklik. Die tabelle is naamlik horisontaal geplaas sodat dit onnodig word om die questionnarie telkens dwars te draai. Voorts is die tabelle ook dubbelgespasieerd getik, aangesien respondente soms probleme met die geskrewe tabelle ondervind het.[1]

2. Die tabel van Afdeling B is voorts as volg gewysig:
   (i) Die opskrif van kolom 1 is verander van klasonderwyser na registeronderwyser omdat laasgenoemde die gangbare term onder die leerlinge van die betrokke skool is.
   (ii) By die verskillende groepe vakke is aangedui vir watter kursus dit bedoel is naamlik U- of E-kursus.
   (iii) Vanweë laasgenoemde wysiging kon die instruksies aanmerklik ingekort word om te lui: Uit elkeen van die groepe vakke (a), (b), (c) en (d) het jy EEN VAK GEKIES. Maak slegs 'n KRUISIE TEENOOR HIERDIE VAK, onder die PERSOON wat die GROOTSTE INVLOED op jou uitgeoefen het in die keuse van die vak.

3. Die tabelle van Afdeling C & D is gewysig deur die instruksies soos in (iii) hierbo genoem te bewoord.

4. Die tabel van Afdeling E is soos volg verander:
   (i) Die kolomme op hierdie tabel is van 12 na 10 verminder. Volgens respondente is daar te veel eienskappe van die onderwyser/es waaruit hulle een moet kies. Op hulle aanbeveling is die volgende

---

1. Kyk bylae 4.

twee verwyder: (a) Die onderwyser/es het 'n sin vir humor, en (b) die onderwyser/es het 'n liefde vir sy/haar vak.

(ii) Ook is bogenoemde wysigings in die instruksies aangebring.

5. Die tabel van Afdeling F moes noodwendig ooreenkomstig die wysigings van tabel E aangepas word, omdat hierdie tabel die negatiewe van tabel E is.

Deur die voorgaande wysigings aan te bring is 'n groter mate van duidelikheid bereik en kan verwag word dat die finale geslote vraelys meer betroubaar sal wees. Die finale geslote vraelys verskyn as Bylae 4.

## 3.5 PROSEDURE BY DIE TOEPASSING VAN DIE VRAELYS

Soos reeds vroeër vermeld, het die betrokke universum die vraelys voltooi nl. 64 seuns en 50 dogters. Daar is dus nie van 'n steekproef gebruik gemaak nie.

Vanweë die gewaardeerde samewerking van die betrokke skoolhoof en personeel kon al die proefpersone die vraelyste gelyktydig beantwoord. Vir die afneem van die vraelys is die skoolsaal gebruik. Dit is voorsien van voldoende banke. Vraelyste, potlode en uitveërs is vooraf op elke bank geplaas.

Die metode van direkte kontak kon dus gevolg word en die ondersoeker het persoonlik die afneem van die vraelys behartig. Die vraelys is aan die respondente verduidelik en proefpersone is aangemoedig om vrae te stel indien hulle probleme ondervind. Die feit dat alle vrae beantwoord moet word en dat daar op die eerlikheid van die leerlinge staatgemaak word, is baie sterk beklemtoon.

Slegs enkele onbenullige vrae is deur proefpersone gestel en die vraelys is bevredigend voltooi.

## 3.6 SAMEVATTING

In die voorgaande hoofstuk is 'n noukeurige uiteensetting van die metode van ondersoek gegee. Daar is gelet op die skool, proefpersone, onderwysers betrokke by die keusevakke en die keusevakke self. Voorts is die doel, waarde en beperkings van die vraelys onder die vergrootglas geplaas. Besondere aandag is gewy aan die geldigheid en betroubaarheid daarvan. Die noodsaaklikheid van vooraf-beplanning is beklemtoon en die opstel, bewoording en volgorde van die vrae is ontleed.

Vervolgens is getoon waarom die geslote vraelys bo die ope vraelys verkies is, en hoe daar te werk gegaan is om die tentatiewe geslote vraelys saam te stel. Die tentatiewe vraelys is bespreek met professore J.J. de Wet en H.B. Kruger en die aanbevole wysigings is tydens die eerste redaksie van die vraelys uitgevoer.[1] Hierna is die vraelys aan 'n steekproef respondente gegee om te voltooi, waarna op hulle aanbevelings die tweede redaksie uitgevoer is en die finale vraelys opgestel is, wat aan die respondente gegee is om te voltooi.

In die volgende hoofstuk word die antwoorde van die respondente ontleed.

---

1. Kyk paragraaf 3.4.3. ; vergelyk ook bylae 3.